



PLAASLIKE MARKTE - INFLASIE STYG, VERTROUW DAAL

Die jaarlikse inflasiesyfer het in Mei tot 5.2% gestyg teenoor die 4.4% jaar op jaar wat vir April bekend gemaak is. Die hoër syfer was algemeen verwag aangesien die Mei 2020 syfer heelwat laer was, grootliks weens laer brandstofpryse 'n jaar gelede. Die styging is aangedryf deur hoër brandstof- en voedselpryse (die prys van petrol was in Mei 202 R12.22 per liter teenoor R17.23 per liter in Mei vanjaar). Die nuwe syfer is nou verby die middelkerf van die SA Reserwebank se teikenband van 3% tot 6%, vir die eerste keer sedert Februarie 2020 toe inflasie jaar op jaar op 4.6% was.

Verbruikersvertroue het in die tweede kwartaal van die jaar gedaal. Dit is deur verskeie faktore veroorsaak maar veral deur die feit dat die regering se tydelike steunmaatreels vir werkers wat weens die COVID-19 pandemie hul inkomste veloor het, geëindig het. Die kwartaalike meting het in die drie maande tot einde Junie tot -13 gedaal, teenoor -9 wat vir die eerste kwartaal van die jaar aangekondig is, aldus 'n verklaring van FNB. Die indeks het nou die stygings van vroeër vanjaar uitgewis en is laer as die gemiddelde lesing vir verbruikersvertroue sedert 1994.

EERSTE DALING VIR JSE IN SEWE MAANDE

Die JSE Indeks van Alle Aandele het vir die eerste keer in sewe agtereenvolgende maande maand op maand laer gesluit op -2.5%, hoewel die indeks vir die jaar tot datum steeds positief is op +11.5%. Die aandeelpryse van kommoditeit- en nywerheidsmaatskappye het veral swak gevaar en die Resi-10 het maand op maand 6.5% laer gesluit (+9.8% jaar tot datum). Finansiële aandele het ook nie watwonders gevaar nie en die Fini het maand op maand 2.6% laer geëindig (+8.6% jaar tot datum). Die SA Indeks vir genoteerde eiendom het 'n positiewe maand aangeteken en maand op maand met 3.2% verbeter (+15.5% jaar tot datum). Die Indi-25 het Junie net-net positief gesluit op +0.4% teenoor Mei (+12% jaar tot datum).

Die Foschini-groep was die beste vertoner van die maand en die aandeelprys van dié groep het maand op maand met 20% gesy, ondanks die feit dat die maatskappy in sy jaarresultate vir 2021 'n bedryfsverlies van R719.2 miljoen bekend gemaak het, weens die impak van inperkings. Tsogo Sun was in die tweede plek (+18.9% maand op maand), hoewel van 'n lae basis. Sementvervaardiger PPC was in die derde plek en sy aandeelprys het maand op maand met 16.1% gestyg, ná die bekendmaking van 'n nuwe ooreenkoms vir die herstrukturering van skuld verwant aan sy bedrywighede in die Demokratiese Republiek van die Kongo.

Verskeie goudmynmaatskappye is by die lys van die swakste vertoners in Junie ingesluit. Harmony is bo aan die lys met 'n daling van 28.7% maand op maand. Tegnologie-maatskappy Allied Electronics (Altron) was in die tweede plek op -28% maand op maand. Ander goudmynaandele wat swak gevaar het sluit in Gold Fields, Anglo Gold Ashanti en Pan African resources, wat maand op maand onderskeidelik met 26.0%, 22.0%, en 21.6% gedaal het.

RAND SLUIT LAER IN JUNIE

'n Swakker dollar, SA se gesonde handelsoorskot, en laer rentekoerse in die VSA het die plaaslike geldeenheid in die eerste helfte van Junie gesteun. 'n Aankondiging deur die VSA Federale Reserweraad (Fed) dat rentekoerse waarskynlik in 2023 verhoog gaan word het later in die maand die rand onder druk geplaas en dit het gevolglik die maand 3.8% laer afgesluit (+2.9% jaar tot datum).

Die Absa Aankopersindeks (PMI) het in Junie effens verswak tot 57.4 indekspunte teenoor 57.8 in Mei. 'n Belowende teken is dat die indiensneming sub-indeks tot verby die neutrale 50-kerf gestyg het. Absa het wel in sy verklaring daarop gewys dat indiensneming in die vervaardigingsektor steeds baie laer as is wat voor die pandemie gegeld het. Volgens die verklaring staan alle sub-indekse hoër as 50 indekspunte is, hoewel dit nie werklik 'n oplewing aandui nie. Die PMI word saamgestel uit die maandelikse insette van aankoopbestuurders in SA vervaardiging en is 'n sleutelaanwyser van die stand van sake in die sektor.

Absa het ook gewaarsku dat die nuwe inperkings wat aan die einde van Junie in werking gestel is, enige ekonomiese vooruitgang in die derde kwartaal kan belemmer as dit vir langer as die twee weke wat aangekondig is sou voortduur. "Die inperking gaan waarskynlik die vraag na vervaardigde goedere onder druk plaas en gevolglik sal produksie ook afneem," aldus Absa se verslag.

VOERTUIGVERKOPE NIE WATWONDERS NIE

Die verkoopsyfers vir nuwe voertuie het in Junie weereens beter gevaar as wat algemeen verwag is maar het effens swakker gevaar as in Mei. 'n Totaal van 38 030 eenhede is verkoop teenoor 38 337 in Mei, volgens syfers wat deur Naamsa bekend gemaak is. Die syfer vir die eerste ses maande staan op 227 440 eenhede, 40.1% meer as wat in die ooreenstemmende tydperk in 2020 verkoop is, toe streng inperkingsmaatreels gegeld het. Vergeleke met 2019 is die syfer vir die ses maande 11.7% laer, wat volgens Naamsa se verslag daarop dui dat die bedryf waarskynlik eers in 2023 beduidend gaan herstel.

'n Totaal van 24 482 passasiersvoertuie is in Junie verkoop, net-net meer as die total vir Mei. Die syfer vir ligte handelsvoertuie (11 208 eenhede) was 5.9% laer as in Mei maar 9.6% meer as in Junie 2020.

Die Toyota Hilux en Ford Ranger bakkies is steeds bo-aan die lys van topverkopers maar die syfers toon dat die verkope van kleiner nutsvoertuie veral goed vaar.

INTERNASIONALE MARKTE

- GEEN NUWE HOOGTEPUNTE VIR MARKTE

Die meeste internasionale markte het ietwat terug gesak van die onlangse hoogtepunte en Junie is met matige stygings en dalings afgesluit. Die onstuimigheid is veroorsaak danksy vrese oor die hoogs aansteeklike Delta variant van die COVID-19 virus en daar was ook winsneming teen die einde van die eerste helfte van 2021. Teen die einde van Junie was 54% van die Amerikaanse bevolking, 49% van die Europese bevolking en 60% in die VK ingeënt. Hoewel markte tydens Junie nie watwonders gevaar het nie het optimisme oor ekonomiese herstel in die VSA teen die einde van die maand vir oplewings gesorg. Die S&P 500 het vir die vyfde agtereenvolgende maand hoër gesluit (+2.2% maand op maand, +8.2% vir die tweede kwartaal en +14.4% jaar tot datum), terwyl die Nasdaq op 29 Junie op 'n rekord hoogtepunt gesluit het (+5.5% maand op maand, 9.5% vir die tweede kwartaal en +12.5% jaar tot datum). Die Dow Jones het 0.1% laer gesluit maar staan jaar tot datum op +12.7% en op +4.6% vir die tweede kwartaal van 2021.

Die VSA Federale Reserweraad (Fed) het ná afloop van sy vergadering in Junie die rentekoers onveranderd gehou, soos algemeen verwag is, maar sy verwagtinge vir inflasie opwaarts aangepas. Markkomentators is wel verras toe die Fed aangedui het dat daar in 2023 waarskynlik twee rentekoers verhogings sal wees. Daar was algemeen verwag dat verhogings eers in 2024 aangekondig sal word. Die Amerikaanse dollar het met 2.6% verstewig teenoor 'n mandjie van ander geldeenhede, grootliks danksy die Fed se rentekoers-nuus.

In die VK het die FTSE 100 Indeks maand op maand 0.2% hoër gesluit (+8.9% jaar tot datum en +4.48% in die tweede kwartaal) terwyl die ekonomie van die VK met 1.6% gekrimp het (die algemene verwagting was 1.5%). Dit beteken die land se ekonomie is nou 8.8% swakker as voor die pandemie. Die swakker ekonomiese groei is gedryf deur dalings in die dienste-sektor (-2.1% in die tweede kwartaal), groothandel en kleinhandel asook die akkommodasie- en voedseldienste bedrywe. Streng inperkings was in die oorsigtidperk van krag. Die land se eerste minister, Boris Johnson, het deur die loop van die maand aangekondig dat die opheffing van inperkings (aanvanklik beplan vir 21 Junie) tot 19 Julie uitgestel word, te midde van kommer oor die Delta variant. Aldus Johnson behoort die VK op daardie datum grootliks na die "lewe voor inperkings" terug te keer.

In Asië het markte wisselvallig gesluit. Chinese markte het teleur gestel en die Hang Seng in Hong Kong het maand op maand 1.1% laer gesluit (+5.9% jaar tot datum en +1.6% in die tweede kwartaal) en die Shanghai Saamgestelde Indeks -0.7% maand op maand (+3.4% jaar tot datum en +4.3% vir die tweede kwartaal). Die amptelike Chinese aankopers-indeks (PMI) het Junie op 50.9 afgesluit (51.0 in Mei) danksy stygings in die aantal COVID-19 gevalle en tekorte aan mikro-skyfies wat vervaardiging belemmer. In Japan het die Nikkei 0.2% laer gesluit (+4.9% jaar tot datum en -1.3% vir die tweede kwartaal). Werkloosheid vir Mei staan nou op 3% (2.8% in April), die hoogste vlak in vyf maande ná die regering van Japan 'n noodtoestand (weens die pandemie) vir meer dele van die land aangekondig het.

Bronne: Anchor Capital; News24; Daily Maverick; BusinessLive

SLIM WENK | MAAK GEREED VIR DIE BELASTINGSEISOEN

Die SA Inkomstediens (SARS) het aangekondig dat belastingbetalers vanaf 1 Julie 2021 opgawes kan indien. SARS het ook gesê dat 'n groot aantal individuele belastingbetalers outomaties aangeslaan sal word en dat hierdie proses ook in Julie sal afskop.

BELANGRIKE DATUMS:

Belastingbetalers wat elektroniese opgawes indien kan dit tussen 1 Julie en 23 November 2021 doen.

Diegene wat nie elektronies opgawes kan indien nie, kan dit per afspraak by 'n SARS kantoor doen.

Voorlopige belastingbetalers en trusts kan vanaf 1 Julie 2021 tot 28 Januarie 2022 elektronies opgawes indien.

BELANGRIKE INSIGTE OOR JOU FIANSIËLE PLAN

- Sluit jou porteuje buitelandse blootstelling in en hoekom is dit belangrik?
- Is jou testament op datum en hoekom moet dit gereeld aangepas word?
- Hoeveel geld gaan jy moet spaar vir jou aftrede?

Hierdie en baie ander sake van belang vir die behoorlike bestuur van persoonlike finansies word aangespreek deur die span Brenthurst adviseurs in mediaberigte en nuusbriewe. Luister na hulle onderhoud op radio en lees die berigte hier: [Nuusbriewe en artikels](#) en [radio onderhoud](#).

NUUSFLITS | BRENTHURST HET 'N BELEGGINGSOPSIE BESKIKBAAR VIR BELEGGERS WAT 'N VASTE OPBRENGS WIL VERDIEN.

Die FedGroup se Secured Investment opsie is soortgelyk aan 'n vyf jaar vaste deposito-opsie by 'n bank en lewer deurlopende opbrengste en sekuriteit vir die kapitale belegging. Die belegging kan ideal wees vir bepaalde beleggingsdoelwitte en ook gepas vir beleggers wat nie te veel risiko vir beleggings wil aanvaar nie. Die kollektiewe beleggingsinstrument is by die FSCA geregistreer en lewer 'n nominale inkomste koers van 7.6%. As die inkomste herbelê word sal die belegging 'n opbrengs van 9.21% aan die einde van die vyf jaar termyn lewer. Vir nadere besonderhede oor hierdie belegging kontak Christoff Potgieter by die Fourways kantoor (011 799 8100) of christoff@brenthurstwealth.co.za

MAAK SEKER DAT 'N BELEGGINGSTRATEGIE EN FINANSIËLE AANGEPAS WORD AS OMSTANDIGHED VERANDER

Johannesburg +27 (0) 11 799 8100
Sandton +27 (0) 10 035 1391
Pretoria +27 (0) 12 347 8240
Cape Town Waterfront +27 (0) 21 418 1236

Claremont +27 (0) 21 418 1236
Bellville +27 (0) 21 914 9646
Stellenbosch +27 (0) 21 882 8706
Val de Vie Estate +27 (0) 21 100 3901
Mauritius 00 230 5843 5215

BRENTHURST SATELLIET KANTORE:

GARDEN ROUTE | KWAZULU -NATAL | FREE STATE | MPUMALANGA | NORTH WEST

Brenthurst Wealth Management is 'n gemagtigde finansiële diensteverskaffer (Reg No: 2004/012998/07) FSP No.7833. Hierdie epos en enige dokumente ingesluit is eksklusief bedoel vir die persoon aan wie dit gerig is en kan vertroulike of wetlik beskermde inligting insluit. As jy hierdie epos foutiewelik ontvang het, wis dit uit. As jy nie die persoon is vir wie dit bedoel is nie mag jy dit nie aan ander bekend maak nie, 'n kopie maak of enige stappe neem gegrond op die inligting wat daarin vervat is nie. Enige ongemagtigde gebruik of bekendmaking is verbied en mag onwettig wees. Die menings en insigte wat in hierdie boodskap gedeel is, is nie noodwendig die mening van die bestuur van Brenthurst Wealth Management nie.